

24. Jesus as Koning gehuldig

Mattheus 21: 1 tot Mattheus 22: 14 en Johannes 12: 1 - 19

Jesus het alle mag in die hemel en op aarde

Jesus is waarlik die Seun van God en daarom ook Koning oor die ganse skepping. Daarom moet hy as Koning erken en geëer word. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- Jesus die verwagte Koning van die Ou-Testament het gekom..
- As God se eie volk, die Jode, Jesus as hul Koning verwerp, vergader Jesus vir Hom 'n volk uit die heidene.
- Christus self is die hoeksteen van sy kerk waaraan ons deel mag hê.

Jesus op pad na Jerusalem

Ses dae voor die Pasga kom Jesus in Betanië aan. Dit is op 'n Vrydag, die dag voor die sabbat en Hy besluit om die sabbat daar oor te bly. Die skare wat Hom gevolg het, het reeds na Jerusalem vertrek waar hulle hom opgewonde inwag. Hulle kan sien dat daar een of ander groot gebeurtenis gaan plaasvind en vermoed dat Jesus nou die koningskap gaan aanvaar.

Die Sondagmôre, die eerste dag van die nuwe week, maak Jesus Hom gereed om na Jerusalem te vertrek. Van Betanië reis Hy na Betfage, 'n klein dorpie teen die Olyfberg. Voordat Hy Betfage bereik, stuur Hy twee van sy dissipels daarheen met 'n opdrag. As hulle in Betfage kom, sal hulle 'n eselvul kry wat vasgemaak is en waar geen mens nog ooit op gesit het nie. Hulle moet hom losmaak en na Jesus bring. As iemand vir hulle vra waarom hulle die vul losmaak, moet hulle aan die persoon sê dat die Here hom nodig het.

Die twee dissipels vertrek na Betfage en kry alles presies soos die Here aan hulle gesê het. Hulle maak die vul los en bring dit na Jesus. Die eienaar het geen beswaar toe hy hoor dat die Here die vul nodig het nie. Hulle sit van hulle klere op die vul en laat Jesus daarop sit. Sommige gooi hulle klere voor Hom op die pad en neem palmtakke en ander takke waarmee hulle vir Jesus waai.

Die intog in Jerusalem

Toe die skare Hom op die esel sien ry, besef hulle dat die voorspelling van Sagaria besig is om in vervulling te gaan. Sagaria het voorspel dat hulle sal juig en bly wees omdat hulle Koning na Jerusalem kom, Hy is regverdig en 'n oorwinnaar; nederig en Hy ry op 'n jong esel.¹⁹⁶ Jesus is werklik die verwagte Koning en Hy ry die stad binne, presies soos die profeet voorspel het. In nederigheid kom Hy, maar vir Israel is dit die groot dag van blydskap, wanneer die profeet se woorde in vervulling gaan. Daarom juig die volk en is baie bly, net soos die profeet voorspel het.

Dit is belangrik dat Jesus op 'n vul ry waarop geen mens nog gery het nie. Die vul is aan God gewy om 'n dienswerk aan Hom te verrig. Volgens die wet van Moses moet die dier wat aan God gewy word, sonder gebrek wees en een wat nog nooit 'n juk gedra het nie.¹⁹⁷ Aan hierdie voorskrif voldoen die vul. Ook daardeur is dit duidelik dat Jesus in die Naam van God die stad binnery.

Jesus word as koning gehuldig

Eindelik nader hulle die afdraande van die Olyfberg en die menigte begin om God met groot blydskap te prys deur te roep: "Hosanna vir die Seun van Dawid! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here! Hosanna in die hoogste hemele!" Dié woorde herinner aan van die Psalms wat dikwels met Paasfees gesing word.¹⁹⁸ Hosanna beteken "gee tog heil", en dit is gewoonlik met hierdie woorde wat die feesgangers begroet is wanneer hulle in Jerusalem aankom. Met Jesus se aankoms in Jerusalem verkry die uitroep van hierdie woorde 'n diepere geestelike betekenis. God sal werklik heil gee deur Jesus, die Geseënde, wat kom in die Naam van sy Vader.

Sommige van die Fariseërs sê vir Hom Hy moet sy volgelinge stil maak. Hy verseker hulle dat die klippe dit sal uitroep as hulle stilbly. Toe Hy naby kom en die stad sien, word Hy baie hartseer en begin huil. As die Jode tog maar geweet het wat vir hulle vrede sou bring, maar nou kan hulle nie insien dat Hy vir hulle verlossing kom bewerkstellig nie. Daar sal dae kom dat hulle

196 Sag. 9: 9 Verheug jou grootliks, o dogter van Sion! Juig, o dogter van Jerusalem! Kyk, jou Koning kom na jou; regverdig en 'n oorwinnaar is Hy; nederig en Hy ry op 'n esel-op 'n jong esel, die vul van 'n eselin.

197 Num. 19: 2 Dit is die wetsinsetting wat die HERE beveel het deur te sê: Spreek met die kinders van Israel dat hulle vir jou 'n rooi koei sonder gebrek bring waar geen liggaamsgebrek aan is, waarop geen juk gekom het nie.

198 Ps. 118: 26 Geseënd is hy wat kom in die Naam van die HERE! Ons seën julle uit die huis van die HERE.

vyande hulle sal omsingel en Jerusalem met sy inwoners teen die grond sal platslaan. Hoe bitter is dit vir die Here om te dink dat hierdie volk wat Hy liefhet, verwerp sal word omdat hulle Hom nie wil erken nie.

Jesus wil nie 'n aardse koninkryk nie

Die Romeine hou wag oor die vrede van die stad en hulle hoor die uitroep van die koning wat kom, maar toe hulle Hom op die esel sien ry, vind hulle geen rede om die optog stop te sit nie. So 'n koning is vir die magtige Romeinse Ryk geen militêre of staatkundige gevaar nie en hulle steur hulle gevolglik nie veel daaraan nie.

Toe hulle by die tempel kom, bereik die opgewondenheid en spanning 'n hoogtepunt. Almal verwag dat Jesus sal sê dat Hy nou die koningskap aanvaar. Dan sal dinge begin gebeur! Duisende mense stroom na die tempelplein en vul elke ruimte in die voorhof. Sonder om iets te sê gaan Jesus die heiligdom binne. Stadig beweeg Hy tussen die mense deur en bekyk alles. Ná 'n tydjie verlaat Hy en die dissipels die tempel en gaan terug na Betanië. Verbaas en teleurgesteld bly die mense nog 'n tydjie by die tempel en gaan dan maar uiteen. Wat hulle verwag het gaan gebeur, het nie gebeur nie. Maar miskien sal daar in die volgende dae wel iets gebeur.

Die verdroogde vyeboom

Daardie Sondagmiddag gaan die Here weer met sy dissipels terug na Betanië waar hulle oornag. Die volgende môre, toe hulle op pad is na Jerusalem, sien die Here 'n vyeboom vol blare en omdat Hy honger is, loop Hy daarheen om vrugte te soek. Dit is ongewoon vir 'n vyeboom om hierdie tyd van die jaar vol blare te wees, daarom verwag die Here vrugte daaraan, maar Hy kan niks kry nie. Jesus is teleurgesteld en vervloek die vyeboom sodat niemand weer van sy vye sal eet nie. Die vyeboom begin onmiddellik verdroog.

Toe hulle die volgende môre weer daar verbyloop, merk Petrus op dat die vyeboom tot in sy wortels dood is. Die vyeboom is hier die beeld van die Joodse volk wat besonder bevoorreg is en deur God baie geleentheid gegee is om vrug te dra,¹⁹⁹ maar dit nie doen nie. Hulle is baie godsdienstig en dit lyk of hulle regverdig is, maar dit alles is maar net soos die blare van die vyeboom wat sy onvrugbaarheid wegsteek. Daarom sal die volk deur die vloek van God getref word.

199 Hos. 9: 16 Efraim is getref, hulle wortel het verdor, hulle dra geen vrug meer nie; ook wanneer hulle kinders baar, sal Ek nogtans die lieflinge van hulle skoot ombring.

Die dissipels is uiters verbaas oor die optrede van Jesus. Hy het in die verlede wel skerp woorde teen sy vyande uitgespreek, maar Hy het nog nooit 'n vloek soos nou uitgespreek nie. Hulle was ook daarvan getuies dat sy woord van genesing en seën onmiddellik vervul word. Nou sien hulle dat sy woorde van vervloeking net so magtig is en onmiddellik waar word.

Deur die geloof en absolute vertrouwe op God, gaan sy woord in vervulling, tot seën of tot vervloeking. As die dissipels volkome geloof in God het en nie twyfel nie, sal hulle selfs die menslik onmoontlike van God kan vra en Hy sal dit aan hulle skenk. Alles wat hulle vra, sal hulle ontvang as hulle net glo dat hulle dit van God sal kry.²⁰⁰

Tweede reiniging van die tempel

Toe Jesus die Maandagmôre in die tempel kom, is Hy weer, soos die vorige keer, vererg omdat hulle handel in die tempel dryf. Die hoëpriesters en die Joodse Raad keur dit goed. Hulle beweer dat hulle daardeur 'n diens aan die feesgangers lewer. Die mense wat van ver kom, kan nie maklik 'n offerdier saambring nie. Die priesters stel in elk geval 'n hele reeks eise waaraan 'n dier moet voldoen om geskik te wees vir 'n offer. Dit kan gebeur dat 'n dier wat van die huis af saamgebring is, deur die priester afgekeur word. Daarom is dit veiliger en geriefliker om 'n goedgekeurde dier by die tempel te koop. Die handelaars met hulle beeste en skape maak hiervan misbruik deur hulle vee ten duurste aan die mense te verkoop. Hulle is egter so duur dat die armes nie kan bekostig om 'n offerdier te koop nie. Hulle word dus toegelaat om duiwe in die plek van 'n bees of 'n skaap as 'n offer aan te bied. Daarom is daar dan ook 'n groot aanvraag vir duiwe. Die duiweverkopers sorg nogtans dat hulle 'n goeie wins uit die armes maak.

So 'n ontheiliging van die tempel kan Jesus nie verdra nie. Hy doen iets wat niemand Hom nog ooit sien doen het nie. In heilige toorn gebruik Hy geweld. Hy verjaag die handelaars met hulle beeste en skape. Dan stoot Hy die stoele van die duiweverkopers en hulle duiwehokke om en jaag hulle weg. Daarna keer Hy die tafels van die geldwisselaars om sodat hulle geld na alle kante toe oor die grond rol. Daarna jaag Hy almal wat hulle aan hierdie onheilige bedrywighede skuldig maak, weg uit die tempel.

200 Hand. 10: 43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.

Toe die rumoer 'n bietjie bedaar, kyk almal met ontsag na Hom. Hy is 'n toonbeeld van heilige verontwaardiging. Dan haal Jesus die woorde van die profeet Jeremia²⁰¹ aan waar hy geskryf het dat hulle van die huis van die Here 'n rowerspelonk gemaak het in plaas van 'n huis van gebed soos Jesaja die tempel beskryf.²⁰² Reeds in die tyd van daardie profete het die Jode die huis van die Here onheiligh en hulle gaan nog steeds daarmee voort, maar nou moet dit end kry. Daarom tree Jesus self op om die tempel te suiwer.

Die vraag omtrent Jesus se gesag

Die owerpriesters en skrifgeleerdes is baie verontwaardig oor Jesus se optrede in die tempel. Veral omdat Jesus sê dat hulle die huis van die Here in 'n rowerspelonk verander het en dat die kinders beter weet as hulle. Daarom hou hulle nadat Jesus die tempel verlaat 'n vergadering. Hulle besluit om Hom dood te maak, maar nou is dit 'n moeilike tyd. Dit is die feestyd en die mense is aangegryp deur Jesus se leer en optrede. Hulle sal Hom beskerm teen die owerpriesters en 'n opstand kan uitbreek as hulle iets aan Hom probeer doen. Daarom moet hulle versigtig wees en hulle besluit om Hom eerder met strikvrage te probeer uitoorlê in die hoop dat hulle iets sal kan vind waarvan hulle Hom kan beskuldig.

Toe Jesus vroeg die Dinsdagoggend weer by die tempel kom, is hulle gereed. Die owerpriesters, skrifgeleerdes, ouderlinge en 'n sterk afvaardiging van die Sanhedrin span saam teen Jesus. Hulle verwys na sy optrede die vorige dag toe Hy die handelaars uit die tempel verdryf het, en wil weet wie aan Hom die opdrag en die reg gee om so op te tree. Hulle wat aan persone die reg in godsdienstige sake gee, weet niks van Hom nie. Indien Jesus nie behoorlik rekenskap kan gee nie, gaan hulle Hom daarvan aankla dat hy oproer in die tempel veroorsaak.

Jesus is nie lus om met hierdie mense te redeneer nie. Hy ken hulle en hy weet hoe hulle optree. Daarom stel Hy 'n teenvraag, soos die Jode dikwels doen as daar verskil van mening is. Hy wil ook nie baie vrae stel nie, net een is genoeg, maar Hy wil 'n eerlike antwoord hê. Jesus vra hulle of die doop van Johannes die Doper uit die mense of uit God is.

201 Jer. 7: 11 Is hierdie huis waaroor my Naam uitgeroep is, 'n spelonk van moordenaars in julle oë? Ook Ek - kyk, Ek het dit gesien, spreek die HERE.

202 Jes. 56: 7 hulle sal Ek bring na my heilige berg, en Ek sal hulle vreugde laat smaak in my huis van gebed; hulle brandoffers en hulle slagoffers sal welgevallig wees op my altaar; want my huis sal 'n huis van gebed genoem word vir al die volke.

Nou is die owerstes in die moeilikheid, want as hulle sê dat dit uit die mense is, dan sal die skare ontevrede wees, want hulle erken Johannes as 'n groot profeet. Sê hulle egter uit die hemel, dan sal Hy kan vra waarom hulle Hom dan nie geglo het nie. Nadat hulle die vraag van Jesus oorweeg het, besef hulle dat hulle self in 'n strik geloop het. Daarom antwoord hulle dat hulle nie weet met watter gesag Johannes opgetree het nie. Deur só te antwoord word hulle eie valsheid bekend. Aangesien hulle nie vir Jesus 'n antwoord kan gee nie, gaan Hy ook nie verder met die gesprek nie. Intussen word Jesus se gesag weer duidelik.

Gelykenis van die twee seuns

Jesus vertel van 'n man wat twee seuns gehad het. Hy vra vir die eerste om vir die dag in sy wingerd te gaan werk, maar hy weier. Later voel hy spyt oor sy optrede en besluit om tog te gaan werk. Die pa het intussen ook na die tweede seun gegaan en vir hom dieselfde vraag gevra. Die seun het geantwoord dat hy sal gaan soos sy pa versoek, maar hy het nooit gegaan soos hy belowe het nie. Jesus wil by die skrifgeleerdes weet wie van die twee die wil van hulle vader gedoen het. Die skrifgeleerdes antwoord dat dit die eerste een was.

Daarop sê Jesus vir hulle dat die tollenaars en sondaars eerder in die koninkryk van God sal ingaan as die skrifgeleerdes en Fariseërs. Aan die Fariseërs sê hy dat Johannes gekom het om aan hulle die regte pad te wys, maar hulle het Hom nie geglo nie. Selfs al het hulle Jesus se werke gesien, het hulle nie later spyt gekry en in Hom begin glo nie. Die tollenaars en sondaars het Hom egter wel geglo. Die tollenaars wat vir die Here sê hulle wil nie, kom tog tot bekering, maar die Fariseërs wat altyd oor hulle godsdienstigheid praat, kom nie so ver om hulle te bekeer en die wil van hulle Vader te doen nie.

Gelykenis van die landbouers

Met nog 'n ander gelykenis wys die Here die sonde van sy volk uit. Daar was 'n man wat vir hom 'n wingerd aangeplant het. Daarna het hy dit omhein, 'n parskuip gebou en 'n wagtoring opgerig. Nadat die werk voltooi was, het hy dit aan boere verhuur en op reis gegaan. Toe dit tyd geword het vir die druiweoes, stuur hy sy slawe na die boere om sy deel van die oes te gaan haal. Maar die boere het een van sy slawe geslaan, 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.

Daarna stuur hy weer ander slawe, maar ook daardie slawe word doodgemaak. Heel laaste het hy sy eie geliefde seun na hulle gestuur in die hoop dat hulle vir sy seun respek sou hê. Toe die boere hom sien, het hulle besluit om ook hom dood te maak en so sy erfenis te vat. Daarom gryp hulle hom en sleep hom uit die wingerd uit waar hulle hom doodslaan.

Nadat Jesus die gelykenis aan die skrifgeleerdes en Fariseërs vertel het, wil Hy by hulle weet wat hulle dink die eienaar van die wingerd met daardie boere sal doen as hy terugkom. Hulle antwoord Hom dat die eienaar daardie slegte mense sal doodmaak en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee. Met daardie antwoord veroordeel die Jode hulself. Die beskrywing van die wingerd moet hulle herinner aan dieselfde beskrywing van Israel as die wingerd van God.²⁰³

In Jesaja is die beskrywing van die wingerd die inleiding tot 'n oordeel oor die volk. Nou kom dieselfde beeld weer om die oordeel oor die volk en hulle leiers aan te kondig. Die boere is die mense wat die wingerd van God, die volk Israel, moet versorg. Maar hulle het dwarsdeur die geskiedenis altyd hulle eie voordeel gesoek en geweier om die vrug vir die Here te lewer. Die slawe, die profete, is deur hulle doodgemaak. En nou het God sy eie Seun gestuur, maar vir die Seun het hulle ook geen respek nie en hulle het klaar besluit om Hom na buite te sleep en dood te maak. Daarna sal die oordeel van God oor hulle kom. Die wingerd, die koninkryk van God, sal van hulle weggeneem word en aan ander, die heidene, gegee word, wat die vrug op die regte tyd sal lewer.

Dan verwys Jesus na 'n gedeelte uit die psalms wat 'n belangrike plek inneem by die viering van die Paasfees.²⁰⁴ Hier skryf die digter oor die steen wat deur die bouers verwerp is, maar deur God tot 'n hoeksteen gelê is. Hierdie woorde sal waar word wanneer die godsdienstige versorgers van die volk, Jesus verwerp, maar God sal Hom die hoeksteen van sy gemeente maak. Die Fariseërs weet dat Jesus van hulle praat en dat hy bewus is van hulle planne om Hom om die lewe te bring. Dit alles maak hulle egter nie bang nie, maar eerder nog meer vasbeslote om hulle besluit deur te voer. Hulle wil Jesus ten alle koste dood maak, maar hulle is nog nie seker hoe om dit te doen nie aangesien hulle bang is vir die volk.

203 Jes. 5: 1 Laat my tog sing van my Beminde; 'n lied van my Beminde oor sy wingerd!
My Beminde het 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

204 Ps. 118: 22 Die steen wat die bouers verwerp het, het 'n hoeksteen geword.

Gelykenis van die bruilof

Op dieselfde dag vertel die Here weer 'n gelykenis wat baie dieselfde is as die gelykenis van die groot maaltyd wat Hy al vertel het. Die koninkryk van die hemele is soos 'n koning wat 'n bruilof vir sy seun voorberei het en sy slawe uitgestuur het om die genooies na die bruilof te roep, maar hulle wou nie kom nie. Hy stuur weer ander slawe met die boodskap dat die gaste moet kom, die beste en vetgemaakte vee is geslag en alles is gereed. Maar die gaste wat genooi, is het hulle nie daaraan gesteur nie en elkeen het met sy eie sake voortgegaan. Van die mense wat hy genooi het, het selfs van sy slawe gegryp, mishandel en doodgemaak. Die koning het kwaad geword en die moordenaars se stad aan die brand gestee en die moordenaars om die lewe laat bring.

Die koning sê toe vir sy slawe dat al die reëlings vir die troue reeds klaar getref is, maar dat die wat hy genooi het, nie meer werd is om uitgenooi te wees nie. Daarom gee hy die opdrag aan sy slawe om na die kruispaaie te gaan en almal wat hulle daar kry na die bruilof te nooi. Hulle het toe gegaan en die bruilofsaal het vol gaste geword; slegtes sowel as goeies. Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar iemand wat nie bruilofsklere aan het nie. Daarom vra hy hom hoekom hy hier is sonder sy bruilofsklere. Maar hy kon niks antwoord nie. Die koning gee toe opdrag vir sy dienaars dat hulle sy hande en voete moet vasbind, en hom uitgooi in die buitenste duisternis. Daar sal hy huil en op die tande kners. Want baie is geroep, maar min is uitverkies.

In hierdie gelykenis vertel die Here weer hoe Hy verwerp is deur die Jode wat die genooies van die Here is. Dan word die heidene na die bruilof genooi, maar onder hulle is ook mense wat nie bruilofsklere aan het nie. Dit is die mense wat aan die kerk behoort, maar tog nie werklik in Jesus glo nie. Hulle dink dat hulle nie regtig Jesus se verlossingsdade nodig het nie. Sulke mense word net soos die Jode wat nie in Jesus wou glo nie, uitgesluit van die ewige lewe. Op hulle wag die pyn en smart van die hel.

Aanbevole leesstukke:

BOOYENS, M.J. 2005. Laat my lammers wei. Pretoria: EFJS Drukkers 192 - 196 p.

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Nieuwe Testament deel II. Kampen: J.H.Kok 290 - 293 p.

GROENEWALD, E.P. 1968. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Nuwe Testament. Pretoria: DBU. 325 - 337 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 635 - 643 p.